

ST. PORFYRIUS

26 FEBRUARIE

(347-420)

Op 25-jarige ouderdom verlaat hy sy geboorteplek in Macedonië om as kluisenaar in die Egiptiese woestyn te gaan woon. Ná vyf jaar verhuis hy na 'n grot langs die Jordaanrivier en daarna gaan woon hy in Jerusalem waar hy elke dag al die plekke besoek het wat verband gehou het met die lewe van Jesus Christus. Om homself aan die lewe te hou word hy 'n skoenmaker. In 393 word hy priester gewy en drie jaar later aangestel as biskop van Gaza. Deur sy gebede en naastediens bedien hy die grotendeels heidense bevolking van die stad en by sy dood was elke inwoner 'n Christen.

